

TERME EN VOORWAARDES

1. Die Afslaer het die reg om te veiling na sy goëddunke te beheer en te reguleer.
2. Die veilingverrigtinge sal per band opgeneem word welke opname nie aan die publiek of die Koper beskikbaar sal wees nie, maar sal die Afslaer verplig wees om dit beskikbaar te stel indien sodanig beveel deur 'n hof. Die opname sal *prima facie* (weerlegbare) bewys wees van die veilingverrigtinge.
3. Alle goedere verkoop tydens die veiling sal as 'n lot of individuele item verkoop word. Die Afslaer mag sonder benadeling of voorafkennis, skriftelik indien daartoe aangesê deur die Verkoper /eienaar/wettige houer ("Verkoper") van enige van die individuele items of lotte of 'n groep of bondel bates (sodanige groep of bondel lotte hierna "lotte" genoem) sodanige item of lotte van die veiling onttrek.
4. Die bieder wat die hoogste aanvaarde bod maak het ten opsigte van enige goedere sal geag word die Koper van sodanige goedere te wees.
5. Ingeval van 'n dispuut rakende die identiteit van die hoogste bieder mag die Afslaer die tersaaklike goedere heropveel.
6. Hierdie terme en voorwaardes asook enige spesiale voorwaardes wat van toepassing mag wees op 'n spesifieke veiling en/of goedere sal aangekondig word voor die veiling 'n aanvang neem.
7. Die Koper sal gebonde wees aan al die terme en voorwaardes soos aangekondig. Met die val van die hamer sal 'n finale en onherroeplike koop tot stand kom ten opsigte van die goedere gekoop deur die onderskeie Kopers maar onderhewig aan enige sodanige opskortende voorwaarde as wat van toepassing mag wees op die tersaaklike goed.

8. Die risiko in en op die goedere sal oorgaan op die Koper met die val van die hamer.
9. Die Koper erken dat hy die goedere geïnspekteer het en kennis geneem het van die toestand daarvan en dat hy daarmee tevrede is.
10. Die goedere word verkoop onderhewig aan die inspeksieverslag wat die toestand van die goedere uiteensit en wat saamgestel is vir doeleindes van die veiling of vervat is in 'n dokument wat aangeheg is aan of by die goedere.
11. Die Afslaer dra alleenlik kennis van die toestand van die goedere soos wat geopenbaar is. Die afslaer dra nie enige verdere kennis anders as soos hierin uiteengesit nie. Gevolglik word die goedere verkoop in die toestand soos wat dit is en die Koper koop die goedere in sodanige toestand. Die Afslaer is nie verantwoordelik vir enige gebreke wat nie ooglopend of deur uitoefening van redelike sorg vasgestel kan word nie.
12. Nóg die Verkoper nóg die Afslaer gee enige waarborge of maak enige voorstellings rakende die toestand of geskiktheid van die goedere behalwe soos vervat in die inspeksieverslag hierbo vermeld en is die afslaer ook nie verantwoordelik vir enige foute wat moontlik gemaak is rakende die beskrywing van die goedere nie.
13. Alle transaksies op die veiling sluit BTW uit.
14. Die Koper sal nie geregtig wees om besit van die goedere te neem alvorens die koopprys nie ten volle betaal is aan die Afslaer nie en vir doeleindes waarvan die Koper in besit moet wees van 'n faktuur uitgereik deur die Afslaer wat bevestig dat die Koper die koopprys ten volle betaal het.
15. Ingeval van die verkoping van motorvoertuie of enige ander items wat die voltooiing en lewering van dokumente deur die Verkoper of enige derde party vereis, sal die Afslaer nie verplig wees om sodanige goedere aan die Koper te lewer nie alvorens die relevante dokumentasie behoorlik voltooi en onderteken aan die Afslaer

gelewer is nie. Die Koper stem daartoe toe dat alle fooie, heffings en uitgawes aan die Afslaer betaal sal word onmiddellik na die val die hamer alhoewel die goedere moontlik nog nie aan die Koper gelewer mag word nie. Lewering van die goedere sal geag word plaasgevind het sodra die betaalde faktuur aan, die Koper verskaf word, alternatiewelik met lewering van 'n item waardeur die goedere geïdentifiseer kan word soos byvoorbeeld die sleutels van 'n motorvoertuig.

16. Die Koper stem toe dat synde dat die goedere nie fisies aan hom gelewer sal word by sy gekose adres of enige adres deur hom genomineer nie, hy as Koper verantwoordelik sal wees vir betaling van alle koste verbonde aan die aflewering van die goedere.
17. Die Koper sal die goedere van die Afslaer se perseel verwyder binne sodanige periode as wat die Afslaer mag bepaal vir die tersaaklike veiling.
18. Die Koper sal nie geregtig wees om die koop te kanselleer as gevolg van die nie-in-tyd lewering van die goedere of nie-ondertekening van die vereiste dokumentasie nie. Die Afslaer sal geregtig wees sonder enige benadeling om die koop te kanselleer ingeval die vereiste dokumente met betrekking tot die goedere nie geteken en gelewer word aan die Afslaer binne 21 dae na datum van die veiling nie. Die Koper sal alleenlik 'n eis, indien enige, hê teen die Verkoper vir enige skade wat die Koper mag gelei het as gevolg van sodanige nie-lewering of nie-ondertekening.
19. Met die val die hamer sal die risiko in en op die goedere op die Koper oorgaan selfs ingeval die goedere op die Afslaer se perseel agterbly in besonder ten opsigte van enige tekort of skade wat mag intree en sal die Koper verder verantwoordelik wees teenoor die Afslaer vir betaling van stoorgelde vir solank as wat die goedere op die Afslaer se perseel agterbly. Die bedrag van die stoorkoste sal beskikbaar gemaak word in skriftelike vorm hetsy deur aanhegting op 'n prominente plek op die veilingperseel, alternatiewelik soos wat dit andersins bekend gemaak mag word aan die Koper.

20. Ingeval die Koper nalaat en/of versuim om die volle koopprys van die goedere op die dag van die verkoping te betaal of op sodanige toepaslike tyd as wat die Afslaer mag aankondig, of nalaat en/of versuim om die goedere te verwyder of op enige ander wyse nalaat en/of versuim om sy verpligtinge kragtens hierdie terme en voorwaardes na te kom, sal die Koper enige en alle bedrae aan die Afslaer betaal verbeur aan die Afslaer en enige deposito deur die Koper betaal aan die Afslaer met betrekking tot die goedere sal verbeur word ten gunste van die Koper. Sodanige deposito sal geag word vooruitberekende en gelikwideerde skadevergoeding te wees ten opsigte van enige skade wat die Verkoper mag gelei het. Die Verkoper sal geregtig wees om sodanige goedere onmiddellik te herverkoop of op te veil sonder die nodigheid om enige kennis aan die Koper te gee.
21. Die Afslaer sal 'n retensiereg oor enige goedere hê vir enige bedrae betaalbaar deur die Koper aan die Afslaer.
22. Ingeval dit vir die Afslaer nodig is om die goedere te herverkoop of op te veil en die netto opbrengs daarvan na verrekening van kommissie, fooie en kostes, minder is as die oorspronklike koopprys, sal die oorspronklike Koper onmiddellik op aanvraag aan die Afslaer as voorafbepaalde gelikwideerde skadevergoeding sodanige verskil inbetaal en waarteen enige bedrae wat hy verbeur het soos hierbo uitgesit, teen verreken sal word.
23. Die Afslaer sal nie enigsins aanspreeklik wees teenoor die Koper vir enige verliese of skade gelei deur die Koper as gevolg van die kansellasië van die verkoping deur die Verkoper of die nalate of versuim deur die Verkoper om die tersaaklike goedere te lewer nie.
24. Behalwe vir sover dit deur die Afslaer gestel mag word voor aanvang van die veiling, sal geen wysigings of veranderings aan hierdie voorwaardes enige krag of effek hê behalwe indien dit op skrif gestel en deur die Koper en die Afslaer onderteken is nie. Enige tegemoetkoming wat die Verkoper en/of die Afslaer mag betoon sal geskied sonder benadeling van die Verkoper en/of Afslaer se regte

hierkragtens en sal dit nie as 'n afstanddoening van die Verkoper en/of Afslaer se regte geïnterpreteer word nie en behou laasgenoemde die reg voor om enige en alle regte wat hulle teen die Verkoper mag bekom het, nou of in die toekoms af te dwing.

25. Met betrekking tot die verkoop van motorvoertuie bevestig die Koper dat hy die voertuig besigtig het en kennis neem van alle besonderhede rakende die motorvoertuig (insluitende die naam en besigheidsadres van die Afslaer, kennis dat daar geen verpligting op die Afslaer/finansiële instelling/Verkoper rus om herstelwerk te doen nie, die voertuig se jaar van vervaardiging, jaar van eerste registrasie, vervaardiger, model, registrasienommer, enjinnummer, vinnommer, kilometerlesing en dat sodanig lesing nie gewaarborg word nie) welke inligting aangeheg is aan die motorvoertuig in 'n dokumentvorm of andersins beskikbaar gemaak is aan die Koper in skriftelike vorm.
26. Die Koper kies as *domicilium citandi et executandi* (die adres vir lewering van alle kennisgewings en dokumentasie rakende aangeleenthede voortspruitend uit hierdie terme en voorwaardes), die fisiese adres soos gereflekteer op die keersy hiervan of in enige ander dokument onderteken en oorhandig deur die Koper aan die Afslaer of Verkoper in verband met die goedere en/of die veiling.
27. Die Koper stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof maar behou die Verkoper en/of die Afslaer die reg voor om aksie in te stel in die Hoë Hof van Suid-Afrika. Ingeval dit nodig is vir die Verkoper of Afslaer om regstappe teen die Koper te neem, stem die Koper toe tot betaling van alle regskoste op skaal soos tussen prokureur en eie kliënt bereken teen die tarief wat deur die Verkoper of Afslaer betaalbaar is aan sy prokureur of by gebreke aan sodanige fooi ooreenkoms teen die tarief soos vasgestel kragtens die relevante hofreëls van die betrokke hof.
28. Die Koper en Borg (indien van toepassing) sedeer, assigneer en maak hiermee oor aan en ten gunste van die Afslaer die Koper en/of Borg se reg titel en belang in en op alle vaste eiendom geregistreer in sy naam en/of alle roerende bates deur hom besit en/of waartoe hy

geregtig is tot die mate as wat dit nodig is om sy verskuldigheid hierkragens te vereffen. Die Koper en Borg stem toe dat sodanige vaste en roerende bates spesiaal uitwinbaar sal wees ten gunste van die Afslaer. Hierdie terme en voorwaarwaardes is deelbaar.

29. Die Koper is die Koper wat die goedere by die veiling of andersins van die Afslaer gekoop het. Die Kopersheffing betaalbaar aan die Afslaer beteken die persentasie van die koopprys wat kragens internasionale afslaersnorme betaalbaar is as 'n persentasie van die koopprys van die goedere en sal bekend gemaak word in skriftelike vorm aangeheg op 'n prominente plek op die afslaersterrein of sal op 'n alternatiewe wyse aan die Koper geïdentifiseer word. Die Kopersheffing sal betaalbaar wees aan die Afslaer op die datum van die veiling.
30. Die Koper en Borg bevestig en aanvaar dat daar geen verpligting op die Afslaer of die Verkoper sal wees om enige van die goedere te herstel nie en word dit verkoop in die vorm en toestand wat dit is.
31. **BORG:** Die ondertekenaar van hierdie ooreenkoms/terme en voorwaarwaardes verbind homself hiermee as borg en medehoofskuldenaar tesame met die maatskappy/beslote korporasie/trust/vennootskap/assosiasie/persoon/entiteit wat op die keersy hiervan verskyn as die koper vir behoorlike nakoming en betaling deur die Koper van al die Koper se verpligtinge teenoor en aan die Verkoper en/of Afslaer wat voortspruit uit die verkoping van enige goedere aan die Koper op die veiling of wat andersins deur die Afslaer verkoop is aan die Koper namens die Verkoper.